

VERRAS DEUR JESUS; (2)

Gelukkig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele
Matt.5:3.

“Gelukkig” In hedendaagse konteks beteken om niks kort te kom nie, om onafhanklik te leef van ander, finansiële versorg en gesond te wees. Dan kan ons daarby voeg om ’n sterk en trotse selfbeeld te ontwikkel, hard te werk om sukses te behaal. Telkemale verwys ons na, hoe gelukkig ons is want ons bevind ons in ’n bepaalde posisie van materiële voorspoed. Ons strewende voortdurend na ’n status van geluk wat bereik kan word deur selfvervulling, ons glo geluk word diep in die self gegeneer. Dit bestaan hoofsaaklik uit ’n positiewe emosie wat ingestel is op lewens satisfaksie.

Ons status en geluk word vandag gemeet aan wie ons is, wat ons bereik het en wat ons besit. As ons eerlik is en ons lys van verwagtinge onder oë neem, sal ons insien dat wat ek van God vra draai net om my eie geluk, voorspoed en prestasie. My agenda is ook duidelik, ek is ’n soeker na geluk, by God, die kerk, by mense en ook by myself, en daaraan spandeer ek die meeste van my tyd en geld, dit is ook hier waar my teleurstellings ontstaan. My gebede, my verstaan van die Bybel en aanhoor van die prediking word deur my materiële en emosionele ingesteldheid gesif vir frases wat ek kan aangryp om my godsdiens beskouing van ‘gelukkig’ te ondersteun. Dit gee my kennis en mag om my eie geluk te bestuur, die res van my tyd spandeer ek hoofsaaklik om gelukkige oomblikke te skep. Geskenke, plesier, alles wat mooi is wat my begeertes bevredig maak my gelukkig. Maar as die gety draai ontdek ons dat ons nooit gelukkig was nie, skielik na 20,30, Of 45 jaar is ek nou ewe skielik ’n baie ongelukkige mens. My eggenoot is nie meer goed genoeg nie, my huis en motor te oud. My beeld in die spieël is nie wat ek wil sien nie. My selfgeskepte geluk het my ingehaal, en ek bevind my in ’n toestand, hoogs ongelukkig, uitgebrand, onseker en verlate van God.

‘Arm van gees’ Teen alle verwagtinge het Jesus egter aan die skare voorgesê dat dit hulle is “Wat arm van gees is” wat gelukkig is. Dit is dalk iemand wat die bitter van die lewe gesmaak het, alles getoets het, alles geproe het en beseft niks in die wêreld kan mens regtig gelukkig maak nie. Die woord ‘arm’ beteken letterlik om niks te besit nie. Jesus verwys egter nie na materiële dinge nie, maar eerder na die mens se geestelike toestand. “Arm van gees”

beskryf die toestand van hulle wat weet hoe dringend nodig hulle God het. Hulle wat deur lewensondervinding geleer het; Wat ook al in die wêreld bestaan, alles wat tipies is van die menslike begeertes, die begeerte vir alles wat die oog sien, en vals roem op besittings, kom nie van die Vader nie, maar het sy oorsprong in die wêreld. Die wêreld en sy begeertes is aan die verbygaan. Wie die wil van God uitvoer, leef egter vir altyd. John.2:15-17. God verneder ons partymaal deur omstandighede, deur ons keuses wat ons maak, terugslae wat ons op 'n plek bring van 'arm van gees' te wees. Dit is op die plek waar God se genade begin werk en ons self gemaakte geluk soos mis voor die son verdwyn.

Ons begin dan insien dat Jesus se reddende genade mildelik uitgestort word op hulle wat 'arm van gees' is. Hulle is totaal afhanklik van God se voorsiening en hulle verstaan dat hulle nie sonder God kan leef nie. 'Arm van gees' word gevind in hulle wat nederig is, in denke en werke. 'Arm van gees' is mense wat soek om afhanklik van God te leef, hulle is die mense wat deur gebed en geloof God vertrou. Hulle weet verseker dat hulle geluk in Jesus te vinde is, en nie in hulle self nie.

"Die koninkryk van hemele is hulle deel" om die koninkryk van God te ontvang beteken om Jesus Christus te ontvang. Daarmee kom ook sekerheid van kindskap van die Vader.

Neem kennis daarvan dat die "koninkryk van God" nie 'n sertifikaat is wat vir ons prestasies toegeken word nie, nie aan die rykes, slimstes, die mees populêre persone toegeken word nie. Die 'Koninkryk van God' word toegeken aan die nederiges, hulle hulleself nie hoog ag nie, hulle wat niks het om God te bied nie. Is ek so arm van gees dat ek bereid is om so laag te daal, op my knieë te gaan en God se koninkryk te ontvang. Gelukkig is hy wat arm van gees is, aan hom behoort die koninkryk van God.

Chris H Johnsen- Mei 2021